

WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inougurele Rede nr. 103

GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN HEBREËRS

Prof. C.J.H. Venter

Intreerede op 29 Augustus 1986

Departement Sentrale Publikasies

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom

1986

SKEMA

1.	INLEIDING	1
2.	DIE HUIDIGE STAND VAN WETENSKAPLIKE NAVORSING OOR GEMEENTE-OPBOU	3
2.1	In Amerikaanse vakliteratuur	3
2.2	In Engelse vakliteratuur	4
2.3	In Duitse vakliteratuur	4
2.4	In Nederlandse vakliteratuur	4
2.5	In Suid-Afrikaanse vakliteratuur	4
3.	GEMEENTE-OPBOU EN -TOERUSTING IN HEBREËRS	6
3.1	Verval	6
3.2	Gemeente-opbou: kernbegrippe in Hebreërs	7
3.3	Gemeente-opbou deur 'n geïnspireerde preek	8
4.	GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN HEBREËRS 1:1—3	11
5.	GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN HEBREËRS 5:11—6:2	14
6.	GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN HEBREËRS 10:19—25	17
7.	TERREINE WAT WAG OP VERDERE ONTGINNING MET DIE OOG OP GEMEENTE-OPBOU	20
8.	SLOT	21

GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN HEBREËRS

1. INLEIDING

Hierdie rede wil ek graag begin met 'n paar heel praktiese vrae uit die kerklike bediening:

- * Waarom raak bedienaars van die Woord na 'n aantal jare soms so gefrustreerd in die bediening dat hulle geesdrif(en Gees-drif) verloor en bloot vegeteer en die broodnodige doen in prediking, huisbesoek en kategese en gaandeweg aan 'n uitbrandingsyndroom begin ly?
- ** Waarom is dit so dat gemeentes jarelank herderlik bedien word en blykbaar nie altyd groei in die geloof nie?
- *** Waarom is dit dat katkisante en ouers belydenisaflegging dikwels sien as eindpunt en nie as beginpunt in verdere geloofsopbou en groei nie?
- **** Waarom is dit so dat lidmate jarelank preke hoor en skynbaar tog nie individueel en gesamentlik opgebou word in die geloof nie?

'n Deel van die antwoord hierop is dat beplande, gekoördineerde toerusting en opbou van die gemeente in prediking, herderlike werk en kategese dikwels ontbreek. Dié drie gestalte van die verkondiging word te dikwels los van mekaar gesien en beoefen sonder saambindende beplanning rondom bepaalde doelstellings en doelwitte in 'n gemeente.

1.1 Wat is gemeente-opbou?

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen gemeente-opbou na binne en gemeente-opbou na buite. Ek beperk my tot gemeente-opbou na binne en dan heel spesifiek tot die terrein van herderlike sorg, kategese en prediking.

As omskrywing van gemeente-opbou geld die volgende vir die voordrag:

Gemeente-opbou is die beplande, gekoördineerde en sistematiese toerusting van gelowiges deur dié gawes (i.c. ampte) deur middel van die Woord in verskillende gestaltes van Woordbediening tot opbou en groei in persoonlike geloof en geloofsgemeenskap met God en met mekaar.

1.2 In hierdie verband is dit veelseggend om daarop te let dat Calvyn reeds sekere perspektiewe — hoewel nie 'n uitgewerkte leer nie — gebied het oor gemeente-opbou. Veral die volgende drie gesigspunte kom sterk na vore by Calvyn:

* *Die ampte:*

Die apostel- en herdersamp is van onskatbare waarde vir die bewaring van die Kerk op aarde. So word die liggaam van Christus opgebou. So groei ons in alles in Hom wat die Hoof is, en groei ons ook onderling saam . . . indien die profete onder ons krag het, indien ons apostels ontvang, indien ons die leer wat aan ons bedien word, nie verag nie (Calvyn, 4.3.2 1956:57 vgl. ook Goumaz 1956:15—43).

** *Die verkondiging:*

Die kerk word op geen ander wyse gebou as deur die uiterlike prediking nie, en die heiliges word deur geen ander band onderling gebind nie as wanneer hulle, terwyl hulle eendragtig leer en groei, die orde (= Woordbediening — CJHV) in die kerk onderhou wat deur God voorgeskryf is (Calvyn, 4.1.5, 1956:22; vgl. Van der Haar, 1960:157 e.v; Rutgers, 1906:10—14).

*** *Die tug:*

Omdat gemeentelede die liggaam van Christus is, het die tug ook 'n prominente plek in die opbou van die gemeente. Die liggaam wat moet groei, kan nie deur verrotte lede besoedel word sonder dat Christus, die Hoof van die liggaam, nie ook gesmaad word nie (Calvyn 4.12.1 en 5, 1956:260—1).

Kernmomente in die opbou van die gemeente by Calvyn is dus: die funksionering van die ampte, opbou deur Woordbediening, onderlinge gemeenskap tussen gemeentelede, en die tug.

1.3 In die huidige diskussie rondom gemeente-opbou is daar 'n aantal kernvrae wat roep om beantwoording. En dié vrae moet op wetenskaplike verantwoorde wyse opgevang en beantwoord word.

- Wat is die verhouding amp tot gemeente in gemeente-opbou?
- Presies wat is die inhoud van die toerusting wat die ampte moet bied (Ef 4:11, 12)?
- Wat is die verhouding tussen die toerusting van die individuele gemeentelid en toerusting van die gemeente as geheel in gemeente-opbou?
- Betyken gemeente-opbou bloot organisatoriese opbou? En indien wel, wat is die plek van Woord en Gees daarin?

2. DIE HUIDIGE STAND VAN WETENSKAPLIKE NAVORSING OOR GEMEENTE-OPBOU

2.1 Die Amerikaanse vakgebied

In 'n gewaardeerde poging om vanuit die Skrif te werk, veral op die vakgebied Pastoraal (vgl. bv. sy werke: Competent to Counsel, 1970 en More than redemption, 1980), het Adams op pastorale gebied die Amerikaanse toneel vir bykans 15 jaar oorheers. Tans is dit veral L.O. Richards wat die pas aangee spesifiek op die gebied van gemeente-opbou. Vertrekpunte vir sy werke is deurgaans die Bybel, met 'n gerigtheid op die praktyk van kerk-wees vandag. In dié verband word verwys na die volgende werke: A theology of Church leadership (1980); A Theology of personal ministry (1981); A Theology of Christian education (1975) en Creative Bible teaching (1970). (Vgl. verder die werke van Girard 1972: Brethren hang loose; Getz, 1980. Sharpening the focus of the Church; Palmer, B. en Marjorie 1976 How Churches grow; Waldo, J.W. 1977, Vision and strategy for church growth; Sisemore, J.F. 1983, Church growth through Sunday-School.)

Dit is egter veral Richards wat op kundige wyse die hele vakgebied van gemeente-opbou beheers: die plek en funksie van die ampte; amp van die gelowige; kreatiewe Bybelse onderrig en Bybelstudie.

By alle waardering vir dié uitnemende wetenskaplike besinning, praktiese gerigtheid en Skriftuurlike vertrekpunte, sou vrae tog gestel kon word: Funksioneer die Skrif deurgaans en met voldoende diepgang in die Amerikaanse besinning op gemeente-opbou? Ook: Funksioneer die Skrif voldoende vanuit die doelstelling van 'n bepaalde outeur (ten diepste die Heilige Gees) met 'n bepaalde Bybelboek, of funksioneer die Skrif meermale oorwegend as bewysplaas?

2.2 Engelse vakliteratuur

Wetenskaplike vakliteratuur op die gebied van gemeente-opbou fokus baie sterk op opbou na buite (sending en evangelisasie). In dié verband word deur Gibbs (1981:313—55) en ook deur O’Halloran (1984:100—32) besondere klem gelê op groepswerk in die toerusting van gemeentelede. Die waarde van dié besinning lê op praktiese vlak.

2.3 Die Duitse vakgebied

Ook hier fokus wetenskaplike besinning meermale hoofsaaklik op opbou na buite (vgl. Gutmann, 1925, en Kasdorf, 1976). Die omvattende werk van Schwarz (1985), *Theologie des Gemeinde-aufbaus — Ein Versuch*, en die artikel van Gestrich, *Gemeindaufbau im Geschichte und Gegenwart* (1986), verdien vermelding as wetenskaplik omvattende en gerigte besinning oor gemeente-opbou in 'n situasie van verbrokkelende kerke. Beoordeling van kardinale vrae soos wat gemeente en gemeente-opbou is, word behandel. Dié behandeling geskied egter meestal sekondêr vanuit bepaalde dogmatiese werke, bv. dié van Bohren, Moltmann e.a. en nie primêr vanuit die Skrif nie, hoewel Gestrich (1986:3) die begrip opbou (oikodomein), soos gebruik deur Paulus, noem en verwys na Ef. 4:12—16.

2.4 Die Nederlandse vakgebied

'n Opvallende trek in die besinning op Nederlandse vakgebied oor gemeente-opbou is dat die besinning hoofsaaklik fokus op twee aspekte, nl. die funksionering van die amp en die taak van die gemeente (vgl. Trimp se werke in 1978 en 1982; Roscam-Abbing, 1979; Wagenaar, 1973). Hier kan ook verwys word na 'n praktiese eksperiment van T. van 't Veld (1971) in die opbou van 'n wyksgemeente..

Samevattende perspektief op wetenskaplike besinning in die buiteland op gemeente-opbou:

— By alle waardering vir praktiese gerigtheid en Skrifuurlike vertrekpunte ontbreek tot 'n groot mate die konsekwente, ontginnende Skrifhantering, met gepaardgaande gebrek aan diepgang — en dus ook verskraling in wetenskaplike besinning oor gemeente-opbou.

2.5 Die Suid-Afrikaanse vakgebied

'n Vinnige oorsig oor die teologiese besinning oor gemeente-opbou in

ons land toon twee sake duidelik aan. Die eerste is dat besinning maar pas begin het en veelal nog beperk is tot wetenskaplike artikels (vgl. De Villiers, 1970:2—9; Hendriks, 1986:72—85; Venter C.J.H., 1986:175—83; De Klerk, 1981:1—17; Louw D.J. 1985:20—42). In 'n doktorale proefskerif van L.K. Louw (1984) word besonder sterk gefokus op die praktiese opbou in 'n plaaslike gemeente. So kom hy tot die ontwerp van 'n eietydse bedieningsmodel, terwyl Dreyer (1986) 'n toerustingsprogram ontwerp vir die onderlinge opbou van gelowiges om hulle toe te rus vir diens.

Die tweede lyn wat duidelik word in die Suid-Afrikaanse besinning, is dat daar tog 'n tendens is om primêr vanuit die Skrif te besin oor gemeente-opbou.

Hendriks (1985:1—100) ontleed die begrip bou, die subjek en objek van bou in die Ou en Nuwe Testament. In dié werk het ons 'n breë opset maar 'n besliste poging om te luister na wat die Skrif sê. In 'n eksegetiese werk oor die vermanend-bemoedigende aspekte in Romeine 12:1—15; 13 word riglyne gebied vir praktiese gemeente-opbou vanuit liefdes-, ekklesiologiese en eskatologiese temas wat blootgelê is in die eksegese (Venter, 1985:193—6). Hier word volstaan deur verder te verwys na die werke van Roberts (1963), Wolfaardt (sj), Van der Walt (1984 en 1986), Van't Zand (1986) en Rossouw (1984).

Waar gemeente-opbou vinnig besig is om te ontwikkel in 'n oorkoepelende vakgebied word die standpunt reeds op dié vroeë stadium van wetenskaplike besinning oor die vak gemeente-opbou gestel dat hier 'n geleentheid gebied word — en inderdaad aangegryp moet word — om dié vak op te bou deur primêr vanuit die Skrif te besin. Die punt is: indien teologie dan die op Skrif gestelde selfopenbaring van God ondersoek, en indien Diakoniologie dan die openbaring wil ondersoek met die oog op praktiese beplande opbou van die gemeente, en indien ons die wetenskap aan hierdie Universiteit in die lig van die Woord van God wil beoefen, mag geen ander vertrekpunt of primêre inhoud vir die bestudering van Diakoniologie (i.c. gemeente-opbou) geneem word nie.

Met hierdie standpuntinname word ook onmiddellik 'n metodologiese keuse gemaak vir die bestudering en beoefening van al die Diakoniologiese vakke. Juis ook in besinning oor gemeente-opbou trek al die vrae (en stryd!) rondom die plek, inhoud en wetenskaplikheid van Diakoniologie saam. Ter toelighting: Is Diakoniologie Pastorale teologie

waar alles om die ampsdraer en sy toerusting sirkel? (Vgl. Jonker, H. 1969:57 e.v.; Kuyper, 1909:477 e.v.) Of het die bestudering van die Diakoniologie blote, praktiese leiding aan die "Kirchenregiment" op die oog? (Schleiermacher, 1830:2 e.v.) Is Diakoniologie dalk net die bestudering van die kommunikasiegebeure tussen God en mens? (Firet, 1968:20) Of moet die terrein van Diakoniologie beskou word as die bestudering van 'n teologiese handelingswetenskap? (Zerfas, 1974:164 e.v.) Kernvrae in die hedendaagse bestudering van Diakoniologie is dus: Waar lê die klem: In die Woord of in die situasie?

As die standpunt dan hier gestel word: Die taak van die Diakoniologie is die bestudering van die Woord van God met die oog op beplande gemeente-opbou deur prediking, pastoraat en kategese, dan wil ek meteen alle klem lê op wetenskaplike bestudering van die Skrif, met 'n buig voor die gesag van die Skrif. Juis die feit dat predikante en teoloë opgelei word, huis die noodsaak van gemeente-opbou, huis die tyd roep om hoë gehalte wetenskaplike toerusting vanuit die Woord.

In dit wat nou volg, poog ek om 'n praktiese illustrasie te bied van bestudering van 'n spesifieke boek uit die Skrif met die oog op gemeente-opbou. Uiteraard kan vanweë die omvang en rykdom van Skrifgewewens in Hebreërs in 'n rede soos hierdie slegs enkele lyne getrek word, maar dan tog met die hoop dat dit u 'n begrip sal bied van my standpunt en visie op die beoefening van die vak.

3. GEMEENTE-OPBOU EN -TOERUSTING IN HEBREËRS

Die klassieke Skrifgedeelte waarop die roeping tot gemeente-opbou en toerusting van lidmate gebaseer word, is Efesiërs 4:11 en 12:

En Hy het gegee sommige as apostels,
ander as profete, ander as evangeliste,
ander as herders en leraars,
om die heiliges toe te rus vir hulle
dienswerk, tot opbouing van die liggaam
van Christus.

Die vraag is nou: kom die gedagte en opdrag tot gemeente-opbou ook ter sprake in Hebreërs?

3.1 Gemeente-verval

Interne getuienis toon sterk aan dat Hebreërs huis gerig is aan 'n kerk

in verval — ná aanvanklike bloei — met die doel om weer op te bou. Besonder opvallend is die vermanende gedeeltes wat afwisselend-reëlmatig voorkom, juis om te waarsku teen verval: Hier word alleenlik verwys na 3:12 "... julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewendige God afvallig word nie"; 3:13 "... moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie"; 12:1 "... laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop . . ."; 12:15 "... sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie . . .".

3.2 Gemeente-opbou — enkele kernbegrippe in Hebreërs

Teenoor verval word in Hebreërs opbou gestel. In 3:3 word gepraat van die *huis* van God; in 3:4 God is die een wat alles gebou het; 3:6: Christus is as Seun getrou oor die *huis* van God. En *ons* is sy huis . . . In Hebreërs 6:1: Ons wil nie opnuut die fondament lê deur te praat oor die bekering uit 'n leefwyse wat tot die dood lei nie. Nie net die bougedagte nie, ook die groeikonsep kom na vore in 5:12—14. Groei word hier gekoppel met die gereelde inneem van vaste kos.

Dit is opvallend dat in Hebreërs 3:1—6 'n ander begrip (kataskeuazō) as in Efesiërs 4:11—12 (oikodomeō) gebruik word om die aksie van opbou aan te dui. Inderdaad beteken genoemde begrip in Hebreërs opbou, maar dan tog m.i. met 'n eie nuanse. Wat die gebruik van "opbou" in Hebreërs 3:1—6 en verder betref, moet opgemerk word dat dié begrip funksioneer in 'n wyer konteks van Hebreërs waarin skadu en werklikheid 'n prominente rol speel (i.c. Moses en Christus in 3:1—6). Daarom lê in opbou in Hebreërs 'n betekenisnuanse van voorberei. Tewens dieselfde begrip kataskeuazō word gebruik om die voorbereidingswerk van Johannes die Doper vir Christus se kom aan te dui. (Vgl. Mt 11:10; Mk 1:2; Lk 1:17) So, sê Hebreërs 3:3—6, het Christus sy huis — ons — kom voorberei. Tog is daar nog 'n verdere aksent in die opboubegrip in Hebreërs as net voorberei. By die aksent van voorberei moet ook kom: toerus; soos wat 'n huis nie net gebou word, voorberei word nie, maar ook met meubels toegerus word en bewoonbaar gemaak word, so ook met die opbou en toerus van die gemeente. In Hebreërs beteken opbou dus: opbou en toerus tegelyk. In Hebreërs 9:2 word bv. gestel dat die verbondstent opgerig is, en dan volg verder hoe dit toegerus word met 'n wieroekaltaar.

Dit is ook verhelderend om die begrip toerus (vgl. Bauer, 1979:418) in

Ef 4:11 en 12 te vergelyk met die spraakgebruik van Paulus in van sy ander briewe en dié in Hebreërs. Doel van opbou in Efesiërs 4:11 en 12 is om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk. Kragtens die wyer teksverband beteken toerus in Efesiërs 4:11—12 om wat uit lit is reg te maak. In Gl 6:1 beteken dieselfde begrip om reg te help in 'n gees van sagmoedigheid. In 1 Ts 3:10 beteken toerus om aan te vul wat nog aan julle geloof kort kom, en in Hebreërs 13:21 volg: Mag God julle toerus met alles wat goed is *sodat julle sy wil kan doen!* Gemeente-toerusting het dus in Hebreërs ten doel dat die gemeente die wil van God sal doen!

3.3 Gemeente-opbou deur 'n geïnspireerde preek

Vervolgens val die keuse vir hierdie rede op Hebreërs omdat gemeente-opbou hier plaasvind deur 'n geïnspireerde preek. Dit is deur verskeie outeurs bepleit dat Hebreërs as preek beskou moet word, en deur Coetzee is dit oortuigend aangetoon (1986:1—9) dat Hebreërs 'n drie-dimensionele preek is.

In hierdie preek word die *hede* van die strydende gelowiges geanker in die *verlede* van God se *beloftes*, wat reeds vervul is in die eenmalige offer van Christus. Terselfdertyd bind Hebreërs die hede van die strydende gelowiges aan die *toekoms* van die nog heerliker, ewige, beloofde erfenis (Coetzee, 1986:5).

Ook die strukturele bou van Hebreërs dra by tot die stelling dat ons hier met 'n preek tot opbou te doen het, waarin Christus se priesterskap inderdaad prominent staan maar waarin ook skeppings-, eksodus- en kultiese motiewe as't ware in volgorde afwissel. In die breër opset van die struktuur van Hebreërs kom ook die komponente van 'n preek beslis na vore (Coetzee, 1986:1), in besonder die afwisseling indikatief/imperatief.

- | | |
|----------------|--|
| Hf 1:1—4 | Inleiding (= preekfondament). |
| Hf 1:5—10:18 | Verklaring met afwisselende kortere toepassings.
Die fokus val hier sterk op die indikatiewe, nl. op dit wat ons reeds in Christus beërf het. |
| Hf 10:19—13:19 | Toepassing met die klem op imperatiewe, basies op volharding. |
| Hf 13:20—21 | Preekslot.. |
| Hf 13:22—25 | Slot van die begeleidende brief by die preek. (Vgl. ook Coetzee, 1985:25—27) |

Coetzee (1986:8—9) bied die volgende breëre gedagtekstruktuur van Hebreërs. Hierdie struktuur gaan telkens gebruik word in die eksegetiese werk ter wille van die plasing van 'n perikoop in die wyer verband van Hebreërs.

Analise van die GEDAGTESTRUKTUUR van die Hebreërpreek

TEMA: *Ons het reeds in Christus die heerliker dinge beërf*

– VOLHARD dan nou soos dit ERFGENAME van die beloofde volmaakte erfdeel betaam.

1:1–4 INLEIDENDE PREEKFONDAMENT

Jesus deur Wie alles gemaak is, is Erfgenaam-Koning van alle dinge.

1:5—10 A. Wat ons in Christus beërf het – as WAARBORG vir en DRYFVEER tot dit wat ons nóg moet beërf – EXPLICATIO

I. **1:5–2:18:** Jesus — deur lyde en vernedering verhef tot 'n Naam en 'n heerskappy heerliker en groter as dié van die ENGELE — Hý lei ons na VOLLE HEERLIKHEID.

Skeppingsmotief	1:(4), 5—14 : 'n Groter Naam: Seun, God, Here. 2:1—4 : Parakiese: "nie miskien wegdrywe . . ." 2:5—8a : 'n Heerskappy waaraan alle dinge, ook die toekomstige wêreld, onderwerp is. 2:8b—18 : Langs die weg van vernedering, en lyde t.w.v. ons tot sy heerlikheid, en tot ons heerlikheid (vgl. vs. 10).
-----------------	--

Uit tog-intogmotiewe	<p>II 3:1—16: Jesus — Seun oor God se huis — heerliker as MOSES — Hý maak ons deelgenote, medekinders in die huis van God.</p> <p><i>Paraklese:</i> 3:6: "Vrymoedigheid en hoop <i>tot die einde toe vashou</i>".</p> <p>3:12—15: "<i>nie van die lewendie God afvallig</i> word nie . . . as ons . . . <i>tot die einde toe vashou</i>".</p>
Kultiese motiewe	<p>III 3:17—4:13: Jesus — <i>Gewer van die ware sabbatsrus vir die volk van God — groter as JOSUA.</i></p> <p><i>Parakleses:</i> 4:1,11: "Beywer . . . om <i>in te gaan tot in die rus . . . en nie miskien agterbly . . . deur in ongehoorsaamheid te val nie</i>".</p>
IV	<p>IV 4:14—10:18: Jesus — die Volmaakte Hoëpriester — open vir ons eens en vir altyd die weg na God se allerheiligste troon.</p> <p><i>Paraklese ter inleiding:</i> 4:14—16: ". . . Laat ons <i>die belydenis vashou . . . deur met vrymoedigheid na die troon van genade te gaan</i>".</p>
	<p>(1) 5:1—7:28: Jesus — groter as Aäron — synde priester volgens die orde van Melgisedek.</p> <p>Grottere Paraklese: 5:1—6:20: Die noodsaak van groei tot volwassenes in die geloof.</p> <p>(2) 8:1—3: Jesus — Middelaar van die BETER VERBOND — beter as die Ou Verbond.</p> <p>(3) 9:1—10:18: Jesus — <i>Hoëpriester van die BETER, VOLMAAKTE, EENMALIGE OFFER</i> — in die ware tabernakel.</p>
	<p>10:19—13:19 : B. Die Groot Paraklese – APPLICATIO</p> <p>I. 10:19—12:29 : VOLHARD dan, sodat julle erfename mag wees van die BELOOFDE, VOLMAAKTE ERFDEEL.</p> <p>II. 13:1—19 : Opwekking/Bemoediging tot 'n praktiese Christelike lewenswandel as 'n LOFOFFER aan God (vgl. vers 15).</p> <p>13:20—21 : PREEKSLOT: Dit was 'n logos tes parakleseos.</p> <p>13:22—25 : BRIEFSLOT.</p>

4. GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN DIE PERIKOOP HEBREËRS 1:1—3

Die belang van hierdie eerste drie verse is nie net dat dit die inleiding vorm nie. As inleiding vorm dié verse ook die preekfondament. En soos in 'n goed saamgestelde preek word reeds in die inleiding die kern en hoofsaak van wat gaan volg, aangetoon. Michel meen byvoorbeeld (1966:102) dat twee kernaspekte, wat reeds in 1:1—3 voorkom, nl. die priesterlike reiniging deur Christus en sy koningsheerskappy, dwarsdeur Hebreërs ewe sterk funksioneer.

4.1 Twee bedelings — 1 Spreker

Twee bedelings word in vers 1 langs mekaar gestel. Skematis kan dit so voorgestel word:

Ou bedeling	Nuwe bedeling
Baie keer	Vir eens en vir altyd (Aoristus)
Op baie maniere	(op 'n finale wyse)
Het God gepraat	Het God gepraat
in die ou tyd	(nou) in hierdie laaste dae
tot die vaders	tot ons
deur die profete	deur die Seun

In hierdie gedeelte is dit duidelik dat die gemeenskaplike komponent in beide bedelings is: God het gepraat. Die klem lê hier op hoorbare spreke; op die feit en nie primêr op die volle inhoud van God se openbaring nie (vgl. Grosheide 1910:13). Dit gaan dus hier om God se selfopenbaring in hoorbare taal en (later) op Skrif gestelde taal.

As gemeente-opbou en toerusting in Hebreërs dan prominent is, en as in die eerste verse die kern van wat volg weergegee word, volg dit dat opbou alleen kan geskied op grond van God se selfopenbaring, en uit God se selfopenbaring. Ons het te doen met twee bedelings en 1 Openbaarder.

Op die pragtig-opgeboude styl van Hebreërs 1:1—2 word nie verder ingegaan nie. Daar kan bv. gewys word op die herhalingspatroon *polumerōs* en *polutropōs* in die eerste woorde, ook op die allitererende *p* in die eerste drie woorde, en in patrasin en prophetais (vgl. verder Bruce, 1964:1, noot 1 en Grosheide, 1910:66—67).

4.2 God het gepraat — hoe?

God het baie keer (lett. in baie stukke) gepraat. Dit beteken dat God nie alles op een keer gesê het nie. In dit wat Hy geopenbaar het, was daar voortgang na 'n bepaalde punt. Die openbaring is van 'profete' na 'Seun', van die 'verlede' na 'nou' in die laaste dae.

Nie net baie keer nie, maar ook op baie *maniere* het God in die verlede gepraat. Dit hou in dat God Homself op verskillende wyses bekend gemaak het (bv. deur drome en visioene), deur verskillende woordaksies (leer, troos, vermaan) en ook in verskillende streke en dus situasies. In sy openbaring werk God nie in 'n lugleegte nie. Hy verbind sy spreke aan en rig dit op 'n bepaalde situasie. Maar nie net op 'n bepaalde situasie nie, ook op bepaalde mense ('vaders' — 'ons') *in* 'n bepaalde situasie.

Juis hierdie vasstelling dat die praat van God verbind is met en gerig word op mense in hulle situasies, bied lig op die metodevraag in die Diakoniologiese vakke. Hierop is reeds gewys in 2.5. 'n Kernvraag in Diakoniologie is: wat is die verhouding tussen Woord (= God se "praat") en menslike situasie, verkondiging en objek van verkondiging, sender en ontvanger, "Zachtreue" en "Menschtreue"? Dit is nie twee groothede teenoor mekaar nie. God se spreek is verbind met en gerig op die situasie; in sy beweging omvat die Woord mens en situasie.

4.3 God het gepraat — met 'n plan?

Daar kom nog 'n faset na vore in die uitdrukking "baie keer en op baie maniere". God sê nie alles op een slag, in een periode en aan een geslag nie. In dit wat God sê, is 'n gang op 'n vaste lyn; daar is planmatigheid en voortgang in.

In lyn met die breë struktuur van Hebreërs sou hier, by wyse van toepassing, gevra kon word: As God dan metodes, bepland, sistematies te werk gegaan het in sy praat met hierdie wêreld, dan lê dit op ons die verpligting om in gemeente-opbou ook bepland te werk te gaan rondom die verkondiging van die Woord, bv. deur beplande, stelselmatige reeks-prediking tot opbou waarin die spreke van God in 'n bepaalde boek organies ontvou en toegepas word; beplande huisbesoek met 'n bepaalde tema tot opbou; beplande kategetiese werk om die praat van God deur die eeuwe toepaslik en eenvoudig in die leefwêreld van verbondskinders te bring; beplande en sistematiese Bybelstudie met die oog op opbou en groei.

4.4 Gemeente-opbou — waar?

In die laaste dae het God vir eens en vir altyd met "ons" gepraat. God rig sy finale openbaring op ons — die huis van God (3:6), die nuwe eskatologiese volk van die laaste tyd — dit is die terrein waarop gemeente-opbou plaasvind.

4.5 Gemeente-opbou — wat van die ampte?

Ook die lyn amp en gemeente word op 'n eiesoortige wyse (anders bv. as in Ef 4:11, 12) saamgetrek in Hebr 1:1—2(a). God spreek deur die profete tot die vaders. Die verbinding "deur die profete tot die vaders" word eskatologies verdiep tot "in die Seun" (spreek God) "tot ons". In Christus — erfgenaampriester — praat God met sy "huis" van die laaste dae. In dié verbinding kom die skeppings- en herskeppings-motiewe na vore. Deur die Seun het God die eerste skepping daargestel. In die Seun praat God met ons, sy nuwe skepping, tot opbou.

4.6 Gemeente-opbou — wat is die instellingspunt?

God spreek tot ons deur die Seun — dié feit staan sentraal in gemeente-opbou. Hierdie spreek deur die Seun word egter verbesonder in Hebreërs 1:2—3 deurdat 'n aantal verrigtinge aan die Seun toegeskryf word:

- 1 God het met ons gepraat deur die Seun (vers 2)
- 2 . . . deur Wie God die wêreld geskep het . . . (vers 2)
- 3 . . . Hom . . . ook erfgenaam van alles gemaak . . . (vers 2)
- 4 Uit Hom straal die heerlikheid van God (3)
- 5 Hy is die ewebeeld van die wese van God (3)
- 6 Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand (3)
- 7 Nadat Hy die reiniging van ons sondes bewerk het . . . (3)
- 8 het Hy gaan sit aan die regterhand van God.

Hier is 'n bepaalde volgorde in die verhoudings van die Seun:

Seun tot God	(1—5)	[(6) (7) (8)]
Seun tot heelal	(6)	
Seun tot ons	(7)	
Seun tot God	(8)	

Die verhouding Seun tot God vorm 'n omramingspatroon, met

tussenin as 'n klimaks (7e) die reiniging van ons sondes! Nou is dit juis die reinigingswerk van Christus, d.w.s. sy werk as offerende Priester, wat 'n bepaalde ruggraat vorm as fundering vir gemeente-opbou in Hebreërs! Tewens, die volgende twee gedeeltes wat ontgin gaan word vir riglyne met die oog op gemeente-opbou, nl. Hebreërs 5:11—6:2 en 10:19—25, word beide gegrond op die reinigende offerwerk van die groot Hoëpriester-Koning!

5. GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN DIE PERIKOOP HEBREËRS 5:11—6:2

5.1 Die wisselwerking tussen preek en hoor

Die perikoop val binne die hoofdeel wat strek van Hebreërs 4:14 tot 10:18 met as tema: Jesus die Volmaakte Hoëpriester, open finaal die weg tot God se troon (Coetzee, 1986:9). Die direkte aanleiding tot dié perikoop is die feit dat die gemeente dalk nog Christus se priesterskap kon begryp, maar die verkondiging van sy priesterskap volgens die orde van Melgisedek — daarby kon die prediker nie eers kom nie. Die rede daarvoor is dat die gemeente suigelinge geword het in die hoor en hantering van die Woord (5:11), dat hulle nog met melk gevoed moet word (5:10) en dus nie kan saampraat oor wat reg en verkeerd is nie (5:13). Die uitdrukking “traag om te hoor” (1953-Vertaling) bring ons by die kragveld van hoor en luister in die Nuwe Testament (i.c. in die prediking tot opbou). Kittel het duidelik aangetoon (1969:220) dat hoor in die Nuwe Testament, as die aksie van ontvang van God se geopenbaarde wil van verlossing, altyd bevestiging (= aanvaarding) van die hoorder wil vra. Hoor moet bring by ge-hoor-saamheid. Wie traag is om te hoor, is traag om God te gehoorsaam. Waar ongehoorsaamheid is, tree gemeenteverval in.

Juis dié betekenis van hoor bring by die wisselwerking tussen prediker en hoorder. Die noodsaak om te verkondig word in Hebreërs 5:11 uitgedruk in: *Ons* het baie om te sê. Die datief-konstruksie druk hier verpligting uit (vgl. Rienecker, 1980:333). Die betekenis kan soos volg weergegee word: Ons het baie dinge om aan julle te sê en ons moet dit net eenvoudig sê. Maar ons kan nie. Waarom nie? Omdat daar nie wisselwerking is tussen preek en hoor nie. Nie-hoor is gelyk aan on-gehoor-saamheid. Positief gestel: wat is dan die verpligting van gemeenteledet o.v. “hoor”? Dit word uitgedruk in 5:12: hulle is also lank al gelowiges dat hulle reeds ander moes leer. *Hoor* moet bring by *leer*.

Dié vasstelling bied 'n belangrike beginsel vir gemeente-opbou. Die weg in die opbou van die gemeente is om 'n lidmaat deur wat hy van die Woord hoor te begelei van leerling tot leraar.

Hier moet nie primêr aan die amp van verkondiger gedink word nie, maar aan lidmate wat self instaat is om ander te leer. "The idea that ordinary Christians would not be expected to become teachers is quite unwarranted; the word didaskalos is used here in quite an informal sense, and not of trained catechists or anything like that" (Bruce, 1964:107, voetnoot 80); vgl. Calvyn, 1972:75). 'n Volgende verpligting word verwoord in Hebreërs 6:1, nl. om nie te bly stilstaan by die eerste beginsels van die Woord van Christus nie, maar voort te gaan na volmaaktheid (d.w.s. kennis van die dieper, voller inhoud van die Woord van God).

5.2 Die doel met gemeente-opbou

Vanuit die perikoop Hebreërs 5:11—6:2 kan vasstellings oor die doel van gemeente-opbou kernagtig soos volg geformuleer word:

- Om lidmate te lei van leerlinge tot leermeesters in die Woord van God, d.w.s. vaardigheid in die hantering van die Woord om ander te kan leer.
- Om lidmate te lei tot insig om self goed van kwaad te kan onderskei.
- Om lidmate te begelei tot geloofsvolwassenes, d.w.s. van mefkos tot vaste kos.

5.3 Die metode vir gemeente-opbou

Uiteraard is die Bybel geen resepteboek van metodes vir gemeente-opbou nie, so dus ook nie Hebreërs 5:11—6:2 nie. Tog is in dié perikoop uitnemende riglyne vir die ontwikkeling van 'n metode vir gemeente-opbou:

- volwassenheid kom deur gewoonte (ervaring) in die oefening van geestesvermoëns. Gewoonte duï hier nie soseer op die totale proses nie, maar op die resultaat van die proses van oefening, nl. volwassenheid.

- gemeente-opbou geskied deur nie te bly stilstaan, of te stagneer, by die basiese eerste beginsels van die Woord (bekering, geloof, doop) nie. Dit is nie dat hierdie sake nie van wesensbelang is nie, maar dit is 'n vertrekpunt en nie arriveringspunt in gemeente-opbou nie (vgl. Rienecker, 1980:334).
- gemeente-opbou geskied nie eenklaps nie, maar prosesmatig met volle inagneming van die behoeftes, vermoëns en gawes van lidmate (die weg van melkkos tot vaste kos).
- gemeente-opbou geskied deur gehoorsaamheid aan en volharding in die opdrag van God — selfs teen weerstand in. Dié feit kom na vore in Hebreërs 6:3: En dit sal ons doen (= voortgaan na 'n dieper, voller kennis van God) as God dit toelaat. Die gebruik van die rededeel *as* (eanper) in die voorwaardesin kan soos volg weergegee word: *as* — selfs te midde van menslike teëstand — God dit toelaat. Uiteindelik gaan dit in laaste instansie om gehoor-saamheid aan God se opdrag tot gemeente-opbou.

5.4 Praktiese riglyne vir wisselwerking tussen preek en hoor in gemeente-opbou

- 'n Bekendstelling vooraf deur die prediker van Skrifgedeeltes vir sy preke. Die ideaal bly 'n jaarpreekprogram, met elke week vooraf 'n aantal gerigte vrae; verbandhoudende Skrifgedeeltes, die aanduiding van belangrike aspekte in die perikoop; plasing van perikoop in die geheel van die brief — dit alles met die oog op die preke van 'n betrokke Sondag.
- Preekbespreking met die fokus op: is daar nog onduidelikhede, en wat moet ek prakties elke dag gaan doen met wat ek gehoor het op dié betrokke Sondag? (Van *hoor* na *ge-hoor-saamheid*).
- Bybelstudie in groepe (ook as gesinne), ingestem op die hoor van die Woord op Sondag, asook gesamentlike Bybelstudie deur 'n gemeente voor die betrokke erediens, gerig op die preek, kan die wisselwerking preek/hoorder dien.
- huisbesoek in die vorm van Bybelstudie deur en saam met die predikant, ouderling, diaken waar elke lid van die gesin 'n inset kan maak. Voorafbekendstelling van 'n huisbesoektema met aanduiding van sekere Skrifgedeeltes en daarop gebaseerde vrae dien opbou en help om "pro forma" huisbesoek teen te werk.

- Gesprek tussen kategeet en katkisant oor die prediking op 'n voorafgaande Sondag kan wisselwerking dien, asook 'n sterker beweging in die rigting van Bybelstudie in katkisasie-aanbieding, veral by hoëskoolkinders.

6. GEMEENTE-OPBOU IN DIE LIG VAN HEBREËRS 10:19—25

Opbou deur gemeenskap

Hierdie perikoop val binne die groter geheel van Hebreërs 10:19—13:19 waarin die finale toepassing van die Hebreërpreek gebied word as vermaning en of bemoediging. Hierin kom weer skeppings-, in-en-uittog-, en kultiese motiewe saam voor (vgl. Coetzee, 1986:9).

Basies dieselfde patroon kom voor in die brief aan die Romeine. Na die uiteensetting van aanklag, vonnis, uitspraak, volg vanaf Romeine 12:1 die omvattend-gestruktureerde bemoedig/vermaangedeelte, waarin ook van kultiese motiewe gebruik gemaak word (bv. 12:1, soos in Hebr 10:19—25).

Die 'huis'-gedagte — en dus die opbougedagte — word hier weer eens sterk verbind aan 'ons groot Hoëpriester' (10:21). Tewens, die hele perikoop rus op die voorafgaande uiteensetting van die offer van Christus en word met "dus" (10:19) aanmekaar verbind.

6.1 Die gemeenskapsgedagte in dié perikoop

Dit is opvallend hoe die gemeenskapsgedagte, wat in Hebreërs 3:12—19 na vore gekom het, weer sterk opgeneem word in 10:19—25.

Die ooreenkoms tussen beide perikope is opvallend en dien om die gemeenskapsgedagte te beklemtoon:

- Albei gedeeltes is vermanend-bemoedigende toepassings in die Hebreërpreek
- Die aanspreekvorm "broeders" wat gemeenskap op grond van gemeenskaplike geloof uitdruk, kom voor in die vermaning in 3:1 en 12, en dan eers weer in die vermaning in 10:19—25. Bloot die aanspreekvorm "broeders", telkens in die toepassing van die preek, beklemtoon geloofsgemeenskap.

- Die aanduiding van Christus as Hoëpriester en “as Seun, getrou oor die *huis* van God. en ons is sy huis . . .” (3:6) korrespondeer met “terwyl ons Hom ook as groot Priester oor die huis van God het” (10:21). Die gemeenskap tussen gelowiges lê in een en dieselfde Hoëpriester wat sy volk, sy huis, toerus en regeer!
- Die gemeenskaplike belydenis in beide gedeeltes beklemtoon geloofsgemeenskap: Hebreërs 3:6 . . . ons is sy huis as ons maar net met moed en oortuiging bly vashou aan wat ons hoop. Hebreërs 10:23: “Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely . . .”

Die stewige vashou aan die één belydenis, in kern dié van Christus se hoëpriesterskap, bind die huis van God saam.

6.2 Die gemeenskapstaak van gelowiges teenoor mekaar

Dié taak kom na vore in verse 22, 23, 24, (3 kohortatiewe konjunktiewe gevvolg deur twee participia in vers 25.)

In besonder word verse 24 en 25 behandel, omdat verse 22 en 23 in ander gedeeltes in hierdie rede aan die orde kom.

6.2.1 OPBOU DEUR NA MEKAAR OM TE SIEN

Laat ons na mekaar omsien . . . Vir omsien na mekaar word hier dieselfde begrip gebruik as in Hebreërs 3:1 vir die opdrag: “. . . julle moet noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely”. Dus: opbou van mekaar geskied as gelowiges op dieselfde wyse op mekaar let as wat hulle let op Jesus Christus, en dan spesifiek as offerende Hoëpriester!

Hierdie onderlinge let op mekaar het ten doel opsckerping tot liefde en goeie werke. Dus: gelowiges bou mekaar op deur mekaar op te skerp om die eerste vrug van die Heilige Gees (Gl 5:22) te vertoon! Hierby kom egter ook die opbou deur opsckerping tot goeie dade. “Goeie werke” moet hier verklaar word in die lig van die teenoorgestelde nl. “dooie werke” soos dit in 6:1 na vore kom — bekering uit *dooie* werke — en ook in die lig van 9:14 “hoeveel te meer sal die bloed van Jesus . . . julle gewete reinig van dooie werke om die lewendige God te dien”. Dus: reiniging van dooie werke (i.c. goeie dade) het ten doel diens aan die lewendige God! Deur lidmate onderling op te bou tot goeie werke teenoor mekaar, word God gedien. En diens van God

bring weer by goeie werke teenoor mekaar (vgl. ook Floor, 1971:78—79; De Klerk, 1970:181—187).

6.2.2 OPBOU DEUR MEKAAR NIE IN DIE STEEK TE LAAT NIE

Opbou hou in dat gelowiges mekaar bystaan in hulle onderlinge byeenkomste.

Vir uiteensetting oor moontlike verklarings vir episunagōgē vgl. Michel, 1966:349; Hewitt, 1975:164).

Onderlinge byeenkoms het hier veral betrekking op die byeenkoms vir aanbidding en onderlinge vermaning of bemoediging. Hierdie stelling bring by die feit dat die versamelde gemeente die grondvorm is van alle pastorale optrede (vgl. Firet, 1968:54—109) en dus van gemeente-opbou.

Teenoor in die steek laat van mekaar in die onderlinge byeenkoms, staan die opdrag om mekaar herderlik te bedien in vermaning en bemoediging.

6.2.3 RIGLYNE VIR DIE PRAKTYK VAN HERDERS WEES VIR MEKAAR IN DIE GEMEENTE

- Die erediens is die primêre plek om mekaar as herders te bedien en op te bou, o.a. deur meelewing in leed en vreugde. Die nadere praktiese uitwerk van die gedagte van herders vir mekaar binne die gemeentesamekoste verdien verdere navorsing.
- Wyksamekomste, Bybelstudiebyeenkomste en ander gemeente-byeenkomste behoort nie net 'n geselligheidsmotief nie maar ook 'n pastorale en opboumotief te hê.

6.3 Die aandag moet — wat die perikoop Hebreërs 10:19—25 betref — ten slotte nog gevestig word op die wisselwerking tussen individuele opbou en die korporatiewe opbou, die opbou van die afsonderlike gemeentelid en van die gemeente as geheel.

Ons tref die lyn reeds aan in o.a. Hebreërs 3:12 “... julle moet toesien dat daar nie by *een* van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan nie”. Die kern is “julle” (korporatief) en “een van julle” (individueel).

Met nuansering kom dié lyn ook in Hebreërs 10:19—25 na vore:

- *Ons* het toegang op 'n lewende weg. Die 'lewende' van die weg bestaan huis daarin dat *hy* wat op die weg gaan, in 'n lewende, persoonlike gemeenskap met die lewende Hoëpriester moet staan.
- Ook in 10 vers 22 word dié gedagte individueel/korporatief beliggaam:
 - * Laat ons toetree met 'n waaragtige hart. Ons tree toe, maar *elkeen afsonderlik moet sy eie hart ondersoek*.
 - * In volle geloofsversekerdheid. Geloofsversekerdheid kan nie in 'n massa geskied nie, maar individueel.
 - * Met 'n gereinigde gewete (die werkwoord staan in die medium!), d.w.s. 'n persoonlike daad van gewetensreiniging.
 - * Die liggaam (enkelvoud!) gewas met rein water.

Die vasstelling van wisselwerking in opbou van die individuele en korporatiewe, gemeentelid en gemeente, is van wesensbelang vir gemeente-opbou. Opbou raak die individuele lidmaat se persoonlike verhouding met God — eers dan kan van gemeente-opbou sprake wees. Meer nog: opbouwerk moet eers persoonlik, in sy eie verhouding met God plaasvind, voor die bedienaar kan begin met gemeente-opbou!

7. Aan die begin van die rede is dit gestel dat slegs *enkele* lyne getrek sal kan word met die oog op praktiese gemeente-opbou. Voordat afgesluit word, kan die aandag kortliks nog op die volgende sake gevestig word wat toepaslik is vir gemeente-opbou volgens Hebreërs en wat verdere wetenskaplike ontginning verdien:

7.1 Die trinitariese perspektief in gemeente-opbou

Die Woord van God staan sentraal in gemeente-opbou in Hebreërs. Nou is dit huis opvallend hoe die trinitariese perspektief rondom die Woord funksioneer, bv.

Hebreërs 1:1 God het gespreek . . . :

God het gespreek deur die Seun . . .

3:7 Luister daarom na wat die Heilige Gees sê . . .

Rondom die offer van Christus kom die trinitariese perspektief weer na vore:

Hebreërs 10:10 Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het.

10:15 Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons . . .

7.2 Die lyn van opbou tot volharding in Hebreërs (vgl. 12:1—2) het bv. besliste konsekwensies vir gemeente-opbou, met as besondere toespitsing die begeleiding tot volharding nie net van gemeentelede nie, maar ook in siekte, verslaafheid, ens.

8. SLOT

Geagte vise-kanselier, kollegas, studente, dames en here,

Aan die begin van die rede het ek betoog dat die wetenskaplike besinning oor gemeente-opbou primêr vanuit die Skrif moet plaasvind. Ek het dit probeer illustreer uit Hebreërs. Juis so sien ek die taak van die Diakoniologiese wetenskap vorentoe, en ook die taak van die departement Diakoniologie aan hierdie universiteit. Hierin voel ek my nie alleen nie, omdat my kollegas op dieselfde grondslag staan. Hierin wil ek graag ons kerke, die teologie en ons studente tot diens probeer wees en nooi om vennote te wees om saam te buig oor die Woord;

om saam wetenskaplik te besin oor die
opbou van die gemeentes,
om saam verwonderd te staan oor die rykdom
van God wat in hierdie laaste
dae met ons praat — juis om ons,
sy huis, op te bou.

Aan Hom die dank!

BRONNELYS

- ADAMS, J.E. 1970. Competent to Counsel. Michigan : Baker.
- ADAMS, J.E. 1980. More than redemption. A Theology of Christian counseling. Michigan : Baker Book House.
- BAUER, W. 1979. A Greek-English Lexicon of the NT². Chicago : University Press. (vertaal en verwerk deur Arndt en Gingrich).
- CALVYN, J. 1956. Institusie, Deel III In: Sizoo Johannes Calvyn Institutie III. Delft : Meinema.
- CALVYN, J. 1972. Zendbrieven 3, 1—11 Timotheus, Titus, Filemon en Hebreën. Donner. Goudriaan : De Groot.
- DEKLERK, J.J. 1971. Die onderlinge vermaning in pastorale perspektief, Stellenbosch (Proefschrift — D.Th.). US.
- DE KLERK, J.J. 1981. Die bedienaar in die gemeentetoerusting (In Bediening en bedienaar in die kerk van Christus, 1,(1), 1981: 1—17. Bloemfontein: UOVS.
- DE VILLIERS, D.W. 1970. Die nuwere teologie en gemeentebou. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, (11)1:2—9.
- DREYER, J.G.M. 1986. Building up the body of Christ. Westminster (Proefschrift D.MIN) — Westminster Theological Seminary.
- FIRET, J. 1968. Het agogische moment in het pastoraal optreden. Kampen : Kok.
- FLOOR, L. 1971. The general priesthood of believers in the epistle to the Hebrews. *Neotestamentica* (5):78—79.
- GESTRICH, C.G. 1986. Gemeindeaufbau in Geschichte und Gegenwart. *Pastoral Theologie*, (1):1—15.
- GETZ, G.A. 1980. Sharpening the focus of the Church. Chicago : Moody Press.
- GIBBS, E. 1981. I believe in Churchgrowth. Londen : Hodder en Stoughton.
- GIRARD, R.C. 1977. Brethren hang loose or what's happening to my church? Grand Rapids : Zondervan.
- GOUMAZ, L. 1956. Het ambt bij Calvijn — een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Franeker : Wever.
- GUTMANN, B. 1925. Gemeindeaufbau aus dem Evangelium. Leipzig : Evang. — Lutherse Mission.
- HENDRIKS, H.J. 1985. Studiestuk : Wat is gemeentebou? Die terrein en taak van 'n kommissie vir gemeentebou. Stellenbosch : Department Diakoniologie.
- HENDRIKS, H.J. 1986. Vernuwing in die bedieningstruktuur. *Nederduits Gereformeerde Teologiese tydskrif*. XXVII (1):72—85.
- HEWITT, T. 1975. The epistle to the Hebrews an introduction and commentary. Londen : Intervarsity.

- JONKER, H. 1969. Leve der Kerk. Nijkerk : Callenbach.
- KASDORF, H. 1976. Gemeinde-wachstum als missionarisches Ziel. Liebenzell : Liebenzeller Mission.
- KITTEL. 1969. akouō TDNT I (vertaal deur G.F. Bromiley) Grand Rapids : Eerdmans.
- KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, III. Kampen : Kok.
- LOUW, D.J. 1985. Die opbou van die gemeente in 'n veranderde samelewning (*In* Louw D.J. (red). Op die breuklyn. Kaapstad : NG Kerkuitgewers, p. 20—42)
- LOUW, L.K. 1984. Dienwerk. 'n Eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente. Pretoria' (Proefskrif (D.Th.) — Unisa).
- MICHEL, O. 1966. Der Brief an die Hebräer. Gottingen : Vandenhoeck.
- O'HALLORAN, J. 1984. Living cells: — developing small christian community. Dublin : Dominican Publications.
- PALMER, B. EN MARJORIE. 1976. How churches grow. Minnesota : Bethany.
- RICHARDS, L.O. 1970. Creative Bible teaching. Chicago : Moody Press.
- RICHARDS, L.O. 1975. A theology of Christian education. Grand Rapids : Zondervan.
- RICHARDS, L.O. 1980. A new face for the Church. Grand Rapids : Zondervan.
- RICHARDS, L.O. en HOELDTKE, C. 1980. A theology of church leadership. Grand Rapids : Zondervan.
- RICHARDS, L.O. 1981. A theology of personal ministry. Spiritual giftedness in the local church. Grand Rapids : Zondervan.
- ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief. Groningen : VRB — Kleine.
- ROSCAM — ABBING, P.J. 1978. Komen als geroepen. S'Gravenhage : Boekencentrum.
- ROSSOUW, P.J. 1984. Praerogativa singularis. Amp in die kontemporäre gereformeerde pastoraat. Bloemfontein (Proefskrif D.Theol) — UOVS.
- RUTGERS, F.L. 1906. De betekenis der gemeenteleden als zoodanig volgens de beginselen die Calvijn, toen hij openlijk optrad heef ontwikkeld en toegepast. Amsterdam : Van Schaik.
- SCHLEIERMACHER, F.D.E. 1830. Kurze Darstellung des theologiesche Studiums zum Behuf einleitender Vorlessungen. Berlijn : Otto Hendel.
- SCHWARZ, F EN C.A. 1985. Theologie des Gemeinde-aufbaus — Ein Versuch. Neukirchen : Vluyn.
- SISEMORE, J.F. 1983. Church growth through Sunday School.

- Nashville : Broadman.
- TRIMP, C. 1978. Inleiding in de ambtelijke vakken. Kampen : Copieerinrichting van den Berg.
- TRIMP, C. 1982. Sorgen voor de gemeente. Kampen : Copieerinrichting van den Berg.
- VAN DER HAAR, 1960. Het geestelike leven by Calvijn. Utrecht : De Banier.
- VAN DER WALT, J.J. 1984. Gemeente-opbou — die plek van die diaken. Potchefstroom : Dept. Diakoniologie.
- VAN DER WALT, J.J. 1986. Wees 'n herder. Toerusting vir ouderlinge. Potchefstroom : Dept. Diakoniologie.
- VAN'T VELD, T. 1971. Gemeente-opbouw rond het Woord, Amersfoort : Echo.
- VAN'T ZAND, D. 1985. Die amp van die gelowige in gemeente-opbou. Werkstuk voorgelê in die vierde studie jaar vir die graad Theologiae Baccalaureus aan die PU vir CHO, Potchefstroom.
- VENTER, C.J.H. 1985. Die Pauliniese paranese in Romeine 12:1—15:13. 'n Eksegetiese Studie. Potchefstroom. (Proefskrif Th.D.) — PU vir CHO.
- VENTER, C.J.H. 1986. Die betekenis van die 1983-Vertaling vir gemeentebou. (*In* Van der Walt, J.J. (red) In ons eie taal. Die waarde en gebruik van die 1933/53 en die 1983 Afrikaanse vertaling van die Bybel. Potchefstroom : Dept. Diakoniologie, p. 175—182).
- WAGENAAR, L. 1973. Gemeente als gemeenschap. S'Gravenhage : Boekencentrum.
- WALDO, J.W. 1977. Vision and strategy for Church-growth. Kalifornië : Regal.
- WOLFAARDT, J.A. s.j. 1968? Kerk en amp van gelowige. Potchefstroom : Evangelis.
- ZERFAS, R. en KLOSTERMAN, F. 1974. Praktische Theologie heute. München : Kaiser.